



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

7486

7486

Friday, 11 September 2015

Vrydag, 11 September 2015

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
311 Mossel Bay Municipality: Removal of Restrictions	1906
312 Breede Valley Municipality: Removal of Restrictions	1906
313 City of Cape Town (Northern District): Rectification Notice	1906
314 Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	1907
315 City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restrictions	1907
Tenders:	
Notices.....	1907
Local Authorities	
Bergrivier Municipality: Consent Use and Departure	1913
Bergrivier Municipality: Consent Use	1911
Bergrivier Municipality: Rezoning and Departure	1913
Bergrivier Municipality: Rezoning and Departure	1914
Boedelkennisgewing (Afrikaans only)	1914
City of Cape Town (Helderberg District): Removal of Restrictions, Subdivision and Departure	1923
City of Cape Town (Helderberg District): Subdivision and Rezoning	1919
City of Cape Town (Southern District): Rezoning and Departure	1917
City of Cape Town (Tygerberg District): Rezoning and Regulation Departure	1918
City of Cape Town (Tygerberg District): Rezoning and Subdivision	1917
City of Cape Town (Table Bay District): Approval, Rezoning, Subdivision and Departure	1916
City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restrictions, Consent and Departures	1920
City of Cape Town (Table Bay District): Rezoning and Departure	1918
Drakenstein Municipality: Commencement of Zoning Scheme ...	1909
Drakenstein Municipality: Removal of Restriction	1911
George Municipality: Consent Use	1924
George Municipality: Consent Use	1907
George Municipality: Departure	1908
George Municipality: Rezoning and and Subdivision	1908

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
311 Mosselbaai Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	1906
312 Breedevallei Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	1906
313 Stad Kaapstad (Noordelike Distrik): Regstellende Kennisgewing	1906
314 Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	1907
315 Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Opheffing van Beperkings	1907
Tenders:	
Kennisgewings	1907
Plaaslike Owerhede	
Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik en Afwyking	1913
Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	1911
Bergrivier Munisipaliteit: Hersonering en Afwyking	1913
Bergrivier Munisipaliteit: Hersonering en Afwyking	1914
Boedelkennisgewing.....	1914
Stad Kaapstad (Helderberg-Distrik): Opheffing van Beperkings, Onderverdeling en Afwykings	1923
Stad Kaapstad (Helderberg-Distrik): Onderverdeling en Hersonering	1919
Stad Kaapstad (Suidelike Distrik): Hersonering en Afwyking	1917
Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Hersonering en Regulasieafwyking	1918
Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Hersonering en Onderverdeling	1917
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Goedkeuring, Hersonering, Onderverdeling en Afwyking	1916
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Opheffing van Beperkings, Vergunning en Afwykings	1921
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Hersonering en Afwyking	1918
Drakenstein Munisipaliteit: Kennisgewing van Soneringskema ...	1909
Drakenstein Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	1911
George Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	1924
George Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	1907
George Munisipaliteit: Afwyking	1908
George Munisipaliteit: Hersonering en Onderverdeling	1908

(Continued on page 1928)

(Vervolg op bladsy 1928)

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaaipstad.

ISAZISO SEPHONDO

Ezi zaziso zilandelayo zipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

ADV. B. GERBER,
UMLAWULI-JIKELELE

iSakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

P.N. 311/2015

11 September 2015

MOSSEL BAY MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 14202, Mossel Bay, remove conditions I. E. 4. (b), (c) and (d) as contained in Deed of Transfer No. T. 31758 of 2012.

P.N. 312/2015

11 September 2015

BREDE VALLEY MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

I, Jeremy Benjamin, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs & Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner Erf 2859, Worcester, remove conditions C.3. a., b., c. and d. as contained in Deed of Transfer No. T. 5353 of 2008.

P.N. 313/2015

11 September 2015

CITY OF CAPE TOWN (NORTHERN DISTRICT)**RECTIFICATION NOTICE****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 2222, Durbanville, remove conditions B. (e), and B. (f), and amend condition B. (g) as contained in Deed of Transfer No. T. 19860 of 2014, to read as follows:

With the consent of the local authority, an outbuilding used solely for the housing of motor vehicles and not exceeding 3.05 metres in height, measured from the ground floor of the outbuilding to the wall-plate thereof, may be erected within 3.15 metres of the rear or 1.57 metres of the lateral boundary, common to any adjoining erf, and any other outbuilding of the same height may be erected within the rear space and side space for a distance of 11.02 metres measured from the rear boundary of the erf, provided that in the case of a corner erf the distance of 11.02 metres shall be measured from the point furthest from the street abutting the erf.

Provincial Notice No. P.N. 216/2015 dated 10 July 2015 is hereby withdrawn.

P.K. 311/2015

11 September 2015

MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 14202, Mosselbaai, hef voorwaardes I. E. 4. (b), (c) en (d) vervat in Transportakte Nr. T. 31758 van 2012, op.

P.K. 312/2015

11 September 2015

BREDEVALLEI MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Jeremy Benjamin, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruiksbestuur Reguleerder in die Departement Omgewing Sake en Ontwikkelings Beplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 2859, Worcester, hef voorwaardes C. 3. a., b., c., en d. soos vervat in Transportakte Nr. T. 5353 van 2008, op.

P.K. 313/2015

11 September 2015

STAD KAAPSTAD (NOORDELIKE DISTRIK)**REGSTELLEENDE KENNISGEWING****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 2222, Durbanville, hef, voorwaardes B. (e), en B. (f), op en wysig voorwaarde B. (g) vervat in Transportakte Nr. T. 19860 van 2014, om as volg te lees:

With the consent of the local authority, an outbuilding used solely for the housing of motor vehicles and not exceeding 3.05 metres in height, measured from the ground floor of the outbuilding to the wall-plate thereof, may be erected within 3.15 metres of the rear or 1.57 metres of the lateral boundary, common to any adjoining erf, and any other outbuilding of the same height may be erected within the rear space and side space for a distance of 11.02 metres measured from the rear boundary of the erf, provided that in the case of a corner erf the distance of 11.02 metres shall be measured from the point furthest from the street abutting the erf.

Provinsiale Kennisgewing P.K. 216/2015 gedateer 10 July 2015 word hiermee teruggetrek.

P.N. 314/2015

11 September 2015

OVERSTRAND MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 411, Hermanus, removes condition B.(1), and amends condition B.(3) as contained in Deed of Transfer No. T. 6625 of 2002, to read as follows:

“That not more than one dwelling, including facilities for a crèche, be erected on the above erf and that not more than one-half the area of the above erf be built upon.”

P.N. 315/2015

11 September 2015

CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

I, André John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 837, Oranjezicht, remove condition C.6.(m)1. and amends condition C.6.(m) 2. contained in Deed of Transfer No. T. 16814 of 2013 to read as follows:

“That not more than one building be erected on any one lot and that not more than 54% of any one lot be built upon.”

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**GEORGE MUNICIPALITY****NOTICE NO 081/2015****PROPOSED CONSENT USE:
AFGUNST RIVIER 99/10, DIVISION GEORGE**

Notice is hereby given that Council has received the following application on the abovementioned property:

Consent use in terms of Regulation 4.6 of Provincial Notice 1046/1988 for a tourist facility (restaurant) on Portion 10 of the Farm Afgunst Rivier 99, Division George.

Details of the proposal are available for inspection at the Council's office 5th Floor, York Street, George, 6530, during normal office hours, Mondays to Fridays.

Enquiries: MARISA ARRIES

Reference: AFGUNST RIVIER 99/10, DIVISION GEORGE

Motivated objections, if any, must be lodged in writing with the Registration Office, 1st floor, George Municipality by not later than **MONDAY, 12 OCTOBER 2015. Please note that no objections by e-mail will be accepted.**

Any person, who is unable to write, can submit their objection verbally to the Council's offices where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Fax: 086 570 1900
Email: marisa@george.org.za

11 September 2015

57926

P.K. 314/2015

11 September 2015

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 411, Hermanus, hef, voorwaarde B.”(1), op en wysig voorwaarde B.(3) vervat in Transportakte Nr. T. 6625 van 2002, om as volg te lees:

“That not more than one dwelling, including facilities for a crèche, be erected on the above erf and that not more than one-half the area of the above erf be built upon.”

P.K. 315/2015

11 September 2015

STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI-DISTRIK)**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, André John Lombaard, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdheede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Erf 837, Oranjezicht, hef voorwaarde C.6.(m)1. en wysig voorwaarde C.6.(m) 2. vervat in Transportakte Nr. T. 16814 van 2013, om soos volg te lees.

“That not more than one building be erected on any one lot and that not more than 54% of any one lot be built upon.”

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**GEORGE MUNISIPALITEIT****KENNISGEWING NR 081/2015****VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK:
AFGUNST RIVIER 99/10, AFDELING GEORGE**

Kennis geskied hiermee dat die Raad die volgende aansoek op bogenoemde eiendom ontvang het:

Vergunningsgebruik ingevolge Regulasie 4.6 van Provinsiale Kennisgewing 1046/1988 vir 'n toeristefasiliteit (restaurant) op Gedeelte 10 van die Plaas Afgunst Rivier 99, Afdeling George.

Volledige besonderhede van die voorstel sal gedurende gewone kantoorure, Maandag tot Vrydag, ter insae wees by die Raad se kantoor te 5de Vloer, Yorkstraat, George, 6530.

Navrae: MARISA ARRIES

Verwysing: AFGUNST RIVIER 99/10, AFDELING GEORGE

Gemotiveerde besware, indien enige, moet skriftelik by die Registrasiekantoor, 1ste vloer, George Munisipaliteit nie later nie as **MAANDAG, 12 OKTOBER 2015. Let asseblief daarop dat geen e-pos besware aanvaar sal word nie.**

Indien 'n persoon nie kan skryf nie, kan sodanige persoon sy kommentaar mondelings by die Raad se kantoor aflê, waar personeel sal help om die kommentaar vertoë op skrif te stel.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Faks: 086 570 1900
Epos: marisa@george.org.za

11 September 2015

57926

GEORGE MUNICIPALITY
NOTICE NO 083/2015

**PROPOSED DEPARTURE: PORTION 1 OF THE
FARM DWARSFONTEIN 140, DIVISION GEORGE**

Notice is hereby given that Council has received the following application on the abovementioned property:

Temporary Departure in terms of Section 15 of Ordinance 15 of 1985 to enable the owner of Portion 1 of the Farm Dwarsfontein 140, George to use a portion (1,9328 ha) of the farm for a borrow pit.

Details of the proposal are available for inspection at the Council's office 5th Floor, York Street, George, 6530, during normal office hours, Mondays to Fridays.

Enquiries: Marisa Arries

Reference: Dwarsfontein 140/1, Division George

Motivated objections, if any, must be lodged in writing with the Registration Office, 1st floor, George Municipality by not later than **MONDAY, 12 OCTOBER 2015. Please note that no objections by e-mail will be accepted.**

Any person, who is unable to write, can submit their objection verbally to the Council's offices where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Fax: 086 570 1900
Email: marisa@george.org.za

11 September 2015

57927

GEORGE MUNICIPALITY
NOTICE NO 084/2015

**PROPOSED REZONING AND SUBDIVISION:
ERF 73, RIVIER AVENUE, PACALTSDDORP**

Notice is hereby given that Council has received the following applications on Erf 73, Pacaltsdorp:

1. Rezoning in terms of Section 17 of Ordinance 15 of 1985 of Erf 73, Pacaltsdorp from "Residential Zone I" to a "Subdivisional Area";
2. Subdivision in terms of Section 24 of Ordinance 15 of 1985 for the subdivision of the Subdivisional Area into 7 Portions:

Portion A: 479m² (Residential Zone D);
Portion B: 470m² (Residential Zone I);
Portion C: 570m² (Residential Zone D);
Portion D: 603m² (Residential Zone I);
Portion E: 601m² (Residential Zone I);
Portion F: 577m² (Residential Zone I);
Portion G: 1020m² (Public Street).

Details of the proposal are available for inspection at the Council's office 5th Floor, York Street, George, 6530, during normal office hours, Mondays to Fridays.

Enquiries: Marisa Arries

Reference: Erf 73, Pacaltsdorp

Motivated objections, if any, must be lodged in writing with the Registration Office, 1st floor, George Municipality by not later than **MONDAY, 12 OCTOBER 2015. Please note that no objections by e-mail will be accepted.**

Any person, who is unable to write, can submit their objection verbally to the Council's offices where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Fax: 086 570 1900
Email: marisa@george.org.za

11 September 2015

57928

GEORGE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING NR 083/2015

**VOORGESTELDE AFWYKING: GEDEELTE 1 VAN DIE
PLAAS DWARSFONTEIN 140, AFDELING GEORGE**

Kennis geskied hiermee dat die Raad die volgende aansoek op bogenoemde eiendom ontvang het:

Tydlike Afwyking ingevolge Artikel 15 van Ordonnansie 15 van 1985 om die eienaar van Gedeelte 1 van die Plaas Dwarsfontein 140, George in staat te stel om 'n gedeelte (1,9328 ha) te gebruik vir leengroef.

Volledige besonderhede van die voorstel sal gedurende gewone kantoor-ure, Maandag tot Vrydag, ter insae wees by die Raad se kantoor te 5de Vloer, Yorkstraat, George, 6530.

Navrae: Marisa Arries

Verwysing: Dwarsfontein 140/1, Afdeling George

Gemotiveerde besware, indien enige, moet skriftelik by die Registrasiekantoor, 1ste vloer, George Munisipaliteit ingedien word, nie later nie dan **MAANDAG, 12 OKTOBER 2015. Let asseblief daarop dat geen e-pos besware aanvaar sal word nie.**

Indien 'n persoon nie kan skryf nie, kan sodanige persoon sy kommentaar mondelings by die Raad se kantoor aflê, waar personeel sal help om die kommentaar vertoë op skrif te stel.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Faks: 086 570 1900
Epos: marisa@george.org.za

11 September 2015

57927

GEORGE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING NR 084/2015

**VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING:
ERF 73, RIVIERLAAN, PACALTSDDORP**

Kennis geskied hiermee dat die Raad die volgende aansoeke ontvang het op Erf 73, Pacaltsdorp:

1. Hersonerings in terme van Artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985 van Erf 73, Pacaltsdorp vanaf Residensiële Sone I na "Onderverdelingsgebied";
2. Onderverdeling in terme van Artikel 24 van Ordonnansie 15 van 1985, vir die onderverdeling van die Onderverdelingsgebied in 7 Gedeeltes:

Gedeelte A: 479m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte B: 470m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte C: 570m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte D: 603m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte E: 601m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte F: 577m² (Residensiële Sone I);
Gedeelte G: 1020m² (Publiekestraat).

Volledige besonderhede van die voorstel sal gedurende gewone kantoor-ure, Maandag tot Vrydag, ter insae wees by die Raad se kantoor te 5de Vloer, Yorkstraat, George, 6530.

Navrae: Marisa Arries

Verwysing: Erf 73, Pacaltsdorp

Gemotiveerde besware, indien enige, moet skriftelik by die Registrasiekantoor, 1ste vloer, George Munisipaliteit ingedien word, nie later nie dan **MAANDAG, 12 OKTOBER 2015. Let asseblief daarop dat geen e-pos besware aanvaar sal word nie.**

Indien 'n persoon nie kan skryf nie, kan sodanige persoon sy kommentaar mondelings by die Raad se kantoor aflê, waar personeel sal help om die kommentaar vertoë op skrif te stel.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9473, Faks: 086 570 1900
Epos: marisa@george.org.za

11 September 2015

57928

SWELLENDAM MUNICIPALITY

APPLICATION FOR REZONING, CONSENT USE AND DEPARTURE ON ERF 1093, (3 CHURCH STREET) SWELLENDAM

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) that Council has received an application from Bekker & Houterman Land Surveyors on behalf of Christina Petronella Vosloo for the following application:

- Rezoning from Single Residential to Business Zone in terms of Section 17 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985);
- Consent Use to operate a workshop that going along with the business;
- Departure in terms of Section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) to reside on the premises and reduce parking (11 parking bays instead of 21 parking bays.)

Further particulars regarding the proposal are available for inspection at the Municipal office, Swellendam during office hours. Objections to the proposal, if any, must reach the under mentioned on or before **12 October 2015**. Persons who are unable to read and write will be assisted during office hours, at the Municipal Office, Swellendam, to write down their objections.

CM AFRICA, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, SWELLENDAM

Notice: S69/2015

11 September 2015

57929

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

NOTICE OF COMMENCEMENT FOR THE PREPARATION OF A DRAKENSTEIN ZONING SCHEME

Drakenstein Municipality has embarked on a process to prepare a Drakenstein Zoning Scheme (DZS) in terms of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013), as well as the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014).

The new zoning scheme will replace the existing four zoning schemes and a zoning scheme for Saron will also be introduced: The existing zoning schemes are as follows:

- (1) Paarl Zoning Scheme Regulations;
- (2) Wellington Zoning Scheme Regulations;
- (3) Mbekweni Town Planning Regulations; and
- (4) General Scheme Regulations adopted in terms of Section 8 of the Land Use Planning Ordinance (for all areas outside Paarl, Wellington and Mbekweni).

Drakenstein Municipality has appointed @Planning, a multi-disciplinary team, who will be responsible for the project which includes a comprehensive public engagement process at the various work stages.

All interested and affected parties (I&AP's) are invited to register their interest and lodge issues and concerns. They will be given the opportunity to comment at the conclusion of each work stage. The public is invited to immediately raise any issues they may have with current zoning schemes, the use or development of land within the municipal area, in order that it may be considered in the process.

To register your interest and to be included in the database, please send your information and contact details to chaz@sakaza.co.za; PO Box 45510, Ottery, 7800 or fax to 086 586 9292. For more information on the project, register directly on-line or to lodge comments visit the website: www.sakazaprojects.co.za. Click on *Drakenstein Land Use Management System (DLUMS)*.

Please note that further notices will only be distributed to registered I&AP's and placed in the local media.

JF METTLER, MUNICIPAL MANAGER

11 September 2015

57935

SWELLENDAM MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM HERSONERING, VERGUNNING EN AFWYKING OP ERF 1093, (KERKSTRAAT 3) SWELLENDAM

Kennis geskied hiermee in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie nr. 15 van 1985) dat die Raad 'n aansoek ontvang het van Bekker & Houterman Landmeters names Christina Petronella Vosloo vir die volgende aansoek:

- Hersonerings vanaf Residensieel I na Sakesone ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie nr. 15 van 1985);
- Vergunning om 'n werkwinkel te bedryf wat gepaard gaan met die besigheid;
- Afwyking ingevolge Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie nr. 15 van 1985) om woonagtig te wees op die perseel en verminderde parkering (11 parkerings in stede van 21 parkerings).

Verdere besonderhede van die voorstel lê gedurende kantoorure by die Swellendam Munisipale kantoor, ter insae. Skriftelike besware teen die voorstel, indien enige, moet die ondergemelde bereik voor of op **12 Oktober 2015**. Persone wat nie kan lees en skryf nie, sal gedurende kantoorure by die Munisipale kantoor, Swellendam gehelp word om hul besware neerte skryf.

CM AFRICA, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, SWELLENDAM

Kennisgewing: S69/2015

11 September 2015

57929

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING VAN AAN VANG VIR DIE OPSTEL VAN DRAKENSTEIN SONERINGSKEMA

Drakenstein Munisipaliteit het begin om 'n soneringskema ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Bestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), asook die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), op te stel.

Die nuwe soneringskema sal die vier bestaande skemas vervang asook 'n soneringskema vir Saron in te stel. Die bestaande soneringskemas is soos volg:

- (1) Paarl Soneringskemaregulasies;
- (2) Wellington Soneringskemaregulasies;
- (3) Mbekweni Stadsbeplanningsregulasies; en
- (4) Skemaregulasies wat ingevolge Artikel 8 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning gepromulgeer is (vir alle areas buite Paarl, Wellington en Mbekweni).

Drakenstein Munisipaliteit het @Planning, 'n multi-dissiplinêre span konsultante aangestel om die projek uit te voer. Daar is voorsiening gemaak vir uitgebreide publieke deelname proses tydens die verloop van die proses.

Alle geïnteresseerde en beïanghebbende partye word uitgenooi om hulle belangstelling te registreer en opinies te lig. Daar sal ook geleentheid wees om kommentaar te lewer aan die einde van elke fase van die projek. Die publiek word ook genooi om enige probleme wat hulle met die bestaande soneringskemas of die gebruik of ontwikkeling van grond in die munisipale area, ervaar, te opper, sodat die insette uit die staanspoor oorweeg kan word.

Om te registreer as 'n belanghebbende partye en om op die databasis ingesluit te word, stuur asseblief u besonderhede aan chaz@sakaza.co.za; Posbus 45510, Ottery, 7800 of per faks 086 586 9292. Vir meer inligting oor die projek of om direk op die webwerf te registreer of om kommentaar te lewer, besoek die webwerf: www.sakazaprojects.co.za. Klik op *Drakenstein Land Use Management System (DLUMS)*.

Neem asseblief kennis dat verdere kennisgewings slegs aan geregistreerde partye gestuur sal word en ook in die plaaslike media sal verskyn.

JF METTLER, MUNISIPALE BESTUURDER

11 September 2015

57935

LANGEBERG MUNICIPALITY

MN NO. 68/2015

**PROPOSED CONSENT USE OF ERF 2620,
NASSAU CRESCENT, ROBERTSON (ROBERTSON ZONING
SCHEME REGULATIONS)**

Notice is hereby given in terms of the Zoning Scheme Regulations of Robertson and applicable in terms of (Ordinance no 15 of 1985) that Council has received an application from CE & HP Mouton for a consent use for occupational use to operate a beauty therapy salon on erf 2620, Robertson.

The application will be open for inspection at the Robertson Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the Municipal Manager, Private Bag X2, Ashton, 6715, before or on **9 October 2015**. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023) 614 8000 during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

SA MOKWENI, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X2, ASHTON, 6715

11 September 2015

57934

SWELLENDAM MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSENT USE: ERF 156
(Thompson street), BUFFELJAGSRIVIER**

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) that Council has received an application from Powell Kelly Veldman Attorneys on behalf of J A Prins for a consent use for the continued operation of a liquor store on erf 156, Buffeljagsrivier.

Further particulars regarding the proposal are available for inspection at the Municipal office, Swellendam during office hours. Objections to the proposal, if any, must reach the under mentioned on or before **12 October 2015**. Persons who are unable to read and write will be assisted during office hours, at the Municipal office, Swellendam, to write down their objections.

CM AFRICA, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, SWELLENDAM

Notice: S68/2015

11 September 2015

57930

HESSEQUA MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSENT USE: REMAINDER OF
PORTION 5 OF THE FARM BROKEN HILL. NO. 88,
HEIDELBERG**

Notice is hereby given in terms of the Regulation 4.6 of Provincial Gazette No. 1048/1988, that the Hessequa Council has received the following application for departure.

Property: Remainder of Portion 5 of Farm Broken Hill 88 Heidelberg—Agriculture Zone 1 (394.8820 ha).

Proposal: Consent use to establish Tourist Facility.

Applicant: AMS Haven 196 (Pty) Ltd

Details concerning the application are available at the Heidelberg office of the undersigned during office hours. Any objections to the proposed consent use should be submitted, in writing to reach the office of the undersigned not later than **12 October 2015**.

People who cannot write can approach the office of the undersigned during normal office hours, where the responsible official will assist you in putting your comments of objections in writing.

HESSEQUA MUNICIPALITY, P.O. BOX 29, RIVERSDALE 6670

11 September 2015

57909

LANGEBERG MUNISIPALITEIT

MK NR. 68/2015

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK VAN ERF 2620,
NASSAUSINGEL, ROBERTSON (ROBERTSON SONERING
SKEMAREGULASIES)**

Kennis geskied hiermee ingevolge die Sonering Skemaregulasies van Robertson en van krag ingevolge (Ordonnansie nr 15 van 1985), dat die Raad 'n aansoek van CE & HP Mouton ontvang het om vergunningsgebruik vir beroepsbeoefening ten einde skoonheidsterapie salon te bedryf vanaf erf 2620, Robertson.

Die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure in die Robertson Kantoor en skriftelike regseldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige moet nie later as **9 Oktober 2015** skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Ashton, 6715, ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer (023) 614 8000. Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of versoë af te skryf.

SA MOKWENI, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X2, ASHTON, 6715

11 September 2015

57934

SWELLENDAM MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 156
(Thompsonstraat), BUFFELJAGSRIVIER**

Kennis geskied hiermee in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie nr. 15 van 1985) dat die 'n Raad aansoek ontvang het van Powell Kelly Veldman Prokureurs namens J A Prins vir vergunningsgebruik vir die voortgesette bedryf van 'n drankwinkel op Erf 156, Buffeljagsrivier te bedryf.

Verdere besonderhede van die voorstel lê gedurende kantoorure by die Swellendam Munisipale kantoor, ter insae. Skriftelike besware teen die voorstel, indien enige, moet die ondergemelde bereik voor of op **12 Oktober 2015**. Persone wat nie kan lees en skryf nie, sal gedurende kantoorure by die Munisipale kantoor, Swellendam gehelp word om hul besware neer te skryf.

CM AFRICA, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, SWELLENDAM

Kennisgewing: S68/2015

11 September 2015

57930

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: RESTANT
GEDEELTE 5 VAN DIE PLAAS BROKEN HILL, NR. 88,
HEIDELBERG**

Kennis geskied hiermee ingevolge Regulasie 4.6 van Provinsiale Koerant No. 1048/1988, dat die Hessequa Raad die volgende aansoek om vergunning ontvang het.

Eiendom: Restant Gedeelte 5 van die plaas Broken Hill 88 Heidelberg—Landbousone 1 (394.8820 ha).

Aansoek: Aansoek om vergunningsgebruik ten einde Toeristefasiliteite te skep.

Applikant: AMS Haven 196 (Edms) Bpk

Besonderhede rakende die aansoek is ter insae by die Heidelberg kantoor van die ondergetekende gedurende kantoorure. Enige besware teen die voorgenome vergunning moet skriftelik gerig word om die ondergetekende te bereik nie later nie as **12 Oktober 2015**.

Persone wat nie kan skryf nie, kan die onderstaande kantoor nader tydens normale kantoorure waar die betrokke amptenaar u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

HESSEQUA MUNISIPALITEIT, POSBUS 29 RIVERSDAL 6670

11 September 2015

57909

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIONS:
FARM 381/8 PAARL DIVISION**

Property: Farm 381/8 Paarl Division

Applicant: D Vlok

Owner: H de Waal

Locality: Located at Rhebokskloof Estate

Size: ±1.28ha

Zoning: Agricultural Zone I

Notice is hereby given in terms of Section 3(6) of Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), that an application as set out below has been received and can be viewed during normal office hours at the office of the Deputy Executive Manager: Planning Services, Administrative Offices, c/o Market and Main Street, Paarl and any enquiries may be directed to Mr J Meyer (jaime.meyer@drakenstein.gov.za), Tel (021) 807-4836 and Fax (021) 870-1562. The application is also open for inspection at the office of the Director: Integrated Environmental Management: Region B1, Provincial Government of the Western Cape, Room 601,1 Dorp Street, Cape Town, from 08:00–12:30 and 13:00–15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-5830 and fax number (021) 483-3098. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Director: Integrated Environmental Management, Provincial Government at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, with a copy to the Municipal Manager, Drakenstein Municipality, PO Box 1, Paarl, 7622 on or before **19 October 2015**, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

Applicant: DEON VLOK

Nature of application: Removal of a restrictive title condition applicable to Portion 8 of the Farm St Martin Annex No 381 Paarl Division, to enable the owner to legalise the existing dwelling on the property.

Persons who are unable to read or write, can submit their objection verbally at the Municipal Offices, Berg River Boulevard, Paarl, where they will be assisted by a staff member, to put their comment in writing.

JF METTLER, MUNICIPAL MANAGER

11 September 2015

57932

BERGRIVIER MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSENT USE: ERF 1486,
LAAIPEK**

Notice is hereby given in terms of regulation 4.7 of the applicable Scheme regulations compiled in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that the under-mentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Bergrivier Municipality and any enquiries may be directed to Mr H. Vermeulen, Town and Regional Planner: Western Region, P.O. Box 60 (13 Church Street) Piketberg 7320 at tel: (022) 783 1112 or fax (022) 913 1406. Any objections, with full reasons therefor, must be lodged in writing at the office of the Municipal Manager on or before **19 October 2015**, quoting the above Ordinance and the objector's farm/erf number.

Applicant: D.G. Wood

Nature of application: Consent use in order to operate a bed and breakfast establishment from Erf 1486, Laaipek.

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, 13 Church Street, PIKETBERG, 7320

MN137/2015

11 September 2015

57913

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKINGS:
PLAAS 381/8 PAARL AFDELING**

Eiendom: Plaas 381/8 Paarl Afdeling

Aansoeker: H Vlok

Eienaar: H de Waal

Ligging: Geleë te Rhebokskloof Landgoed

Grootte: ±1.28ha

Sonering: Landbouone I

Kennins geskied hiermee ingevolge Artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), dat aansoek soos hieronder uiteengesit ontvang is en gedurende normale kantoorure ter insae is by die kantoor van die Adjunk Uitvoerende Bestuurder: Beplanningdienste, h/v Mark- en Hoofstraat, Paarl en enige navrae kan gerig word aan Mnr J Meyer (jaime.meyer@drakenstein.gov.za), Tel (021) 807-4836 en Faks (021) 870-1562. Die aansoek lê ook ter insae by die Kantoor van die Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek B1, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, Kamer 601, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00–12:30 en 13:00–15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-5830 en faksnommer (021) 483-3098. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000, met afskrif aan die Munisipale Bestuurder, Drakenstein Munisipaliteit, Posbus 1, Paarl, 7622 ingedien word voor of op **19 Oktober 2015**, met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnummer. Enige kommentaar wat na die voorgeselde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

Aansoeker: DEON VLOK

Aard van aansoek: Opheffing van beperkende titelvoorwaarde van toepassing op Gedeelte 8 van die Plaas, St Martin Annex Nr 381 Paarl Afdeling, ten einde die eienaar in staat te stel om die bestaande woning op die eiendom te wettig.

Indien 'n persoon kommentaar wil lewer of beswaar wil maak maar nie self instaat is om te lees of skryf nie, kan so 'n persoon sy kommentaar mondelings by die Munisipale Kantore, Bergrivier Boulevard, Paarl, aflê, waar 'n personeelid sal help om sy kommentaar/vertoë op skrif te stel.

JF METTLER, MUNISIPALE BESTUURDER

11 September 2015

57932

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 1486,
LAAIPEK**

Kragtens regulasie 4.7 van die toepaslike Skemaregulasies opgestel ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan Mnr. H. Vermeulen, Stads- en Streeksbeplanner: Westelike Streek, Posbus 60, (Kerkstraat 13), Piketberg 7320 tel: (022) 783 1112 of faks: (022) 913 1406. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, ingedien word op of voor **19 Oktober 2015** met vermelding van bogenoemde Ordonnansie en die beswaarmaker se plaas/erf nommer.

Aansoeker: D.G. Wood

Aard van Aansoek: Vergunningsgebruik ten einde 'n bed en ontbyt onderneming vanaf Erf 1486, Laaipek te bedryf.

ADV HANLIE LINDE, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, PIKETBERG, 7320

MK137/2015

11 September 2015

57913

LANGEBERG MUNICIPALITY

MN NO. 69/2015

**PROPOSED SUBDIVISION, REZONING, CONSOLIDATION,
DEPARTURE AND REGISTRATION OF SERVITUDE: ERWE
1047, 2247 AND 2258,
VOORTREKKER STREET, ROBERTSON**

Ordinance 15 of 1985 Land Use Planning

Notice is hereby given in terms of Sections 15, 17 and 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) and Section 137 of the Municipal Ordinance 2 of 1974, that the Council has received an application from Umsiza Planning on behalf of SM Lloyd for the following:

- Subdivision of Erf 2258, Robertson into two portions: Remainder (818.5m²) and Portion A (284.5m²)
- Rezoning of Portion A from Single Residential zone to General Business zone
- Consolidation of Portion A with Erf 1047, Robertson
- Registration of servitude of 12.4m² over Erf 2247 in favour of Erf 1047, Robertson
- Relaxation of building line on Remainder Erf 2258, Robertson from 3m to 2.3m

The application will be open for inspection at the Robertson Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on **9 October 2015**. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023 614-8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

SA MOKWENI, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X2, ASHTON, 6715

11 September 2015

57933

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 32/2015/2016

**PROPOSED CONSENT USE ON ERF 3848,
DARLING**

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299. Tel no. 022-482 1845.

Owner: FH & HM Tango, 37 Disa Avenue, Darling, 7345. Tel: 0726313654

Reference number: 15/3/10-3/Erf_3848

Property Description: Erf 3848, Darling

Physical Address: 37 Disa Avenue, Darling, 7345

